# Regskliniek stel saak reg

**DANÉ DOOGE**

Die regshulpkliniek, wat deel vorm van die Universiteit Stellenbosch (US) se regsfakulteit, is van mening dat die publiek die verkeerde indruk rondom grondeienaarskap het.

Volgens 'n verklaring wat die regshulpkliniek op 29 Maart op Facebook uitgereik het, het die media die verkeerde indruk geskep dat okkupeerders van grond op plase sekere eienaarskapregte kry in terme van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, Wet 62 van 1997 (ESTA). Dié interpretasie ingevolge ESTA is egter verkeerd.

Nikita Roode, 'n prokureur van die regskliniek, het gesê dat die regshulpkliniek 'n artikel in die *Legalbrief* gesien het waar daar 'n verkeerde aanhaling deurgegee is. Die aanhaling het gestipuleer dat ESTA eiendomsreg aan plaasokkupeerders verleen. ESTA verleen egter glad nie eiendomsreg aan okkupeerders nie. ESTA stipuleer dat okkupeerders slegs 'n verblyfreg het.

"Geen eiendomsregte word geskep deur ESTA nie. Publikasies wat inkorrekte aanhalings deurgee, skep 'n wanpersepsie vir die publiek dat okkupeerders op plase regte het in sommige aspekte waar daar nie is nie," het Roode gesê.

As gevolg van wanpersepsies wat die publiek het, skep dit probleme vir die regshulpkliniek waar sommige kliënte aanneem dat hulle geregtig is tot sekere eienaarskap op die grond waarop hulle woon.

"Wanpersepsies word ook geskep deur raadslede en gemeenskapswerkers wat ESTA verkeerd interpreteer en meen aangesien individue plaasokkupeerders is, is die huis op die plaas hulle eiendom en dat hulle vir altyd daar kan bly.

"Artikel 8(4) van ESTA stipuleer egter dat as jy langer as 10 jaar op 'n plaas bly en jy 60 is, of as jy langer as 10 jaar op die plaas bly en jy het as gevolg van siekte of ongeskiktheid nie meer die vermoë om te kan werk op die plaas nie, dan kry jy lewenslange woonreg. Maar weereens nie eiendomsreg nie.

"Dit was vir ons belangrik om die inligting korrek vir die publiek deur te voer omdat studente ook vatbaar vir die posisie is. Veral studente wat regte studeer kan soms oproepe kry van plaasokkupeerders wat onder die indruk is dat hulle regte het waar daar eintlik nie is nie, en dus kan die student dan die korrekte inligting deurvoer," het Roode verder gesê.

Garrick Blok, 'n vierdejaar-BRekLLB-student en voorsitter van die Juridiese Vereniging, het gevoel dat dit uiters belangrik was vir die regskliniek om die korrekte interpretasie van ESTA aan te spreek.

"Ons almal weet dat studente dikwels gesien word as leiers in hul gemeenskappe. Dit is daarom baie belangrik dat ons altyd bewus moet wees van die invloed wat ons as studente op die mense om ons het.

"Ons het 'n verantwoordelikheid, om sover moontlik, die mense om ons op te voed en om te verseker dat almal 'n ingeligte opinie kan vorm. Kwessies, soos dié, wat die regskliniek aanspreek is relevant vir alle studente omdat ons 'n diverse studentegemeenskap is. Ons moet altyd bewus wees van hierdie sake want die kwessies kan baie persoonlik wees vir ons medestudente.

"'n Liggaam soos die regskliniek is in die unieke posisie om die publiek in te lig oor die regsfeite rakende algemene kwessies. So 'n onpartydige liggaam kan 'n mate van sekerheid bring in situasies waar die publiek nie altyd toegang het tot al die feite nie."

Scanned with CamScanner